**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknr. : 5787/2008

In die saak tussen:-

**JOHANNES GERHARDUS FOURIE N.O.** 1ste Applikant

**VALERIE HOPE HOLDSWORTH N.O.** 2de Applikant
(in hul hoedanigheid as trustees van die
VALLEY TRUST, IT 981/96)

en

**CORNELIA JOHANNA VICTOR N.O.** 1ste Respondent

**NICOLAAS ALBERTUS KOTZE N.O.** 2de Respondent
(in hul hoedanigheid as trustees van die
SCAN TRUST, IT 1151/98)

---

**AANGEHOOR OP:** 13 JANUARIE 2011

---

**UITSPRAAK DEUR:** JORDAAN, R

---

**GELEWER OP:** 17 FEBRUARIE 2011

---

[1] Hierdie is 'n aansoek om die hersiening van 'n taksasie deur die plaaslike takseermeester. Die aansoek word gebring deur die tweede respondent.

**AGTERGROND:**

[2] Die applikante het 'n aansoek gebring vir die sekwestrasie van die respondente in hul hoedanigheid as trustees van 'n

sekere trust. Gedurende Maart 2010 het die prokureur vir tweede respondent kennis gegee van ter rolle plasing van die aansoek vir aanhoring op 22 April 2010. Die prokureur het egter nagelaat om die kennisgewing van ter rolle plasing ook op die eerste respondent te beteken en as gevolg daarvan is op 20 April tussen die partye ooreengekom dat die aansoek wat op 22 April aangehoor sou word, op daardie datum uitgestel sou word en dat tweede respondent aanspreeklik sou wees om die verkwiste koste van die applikante voortspruitende uit die uitstel te betaal.

[3] Die applikante het dan ook 'n kosterekening opgestel wat deur die plaaslike takseermeester getakseer is en daarna het die tweede respondent aansoek gedoen vir hersiening van die taksasie, weens die feit dat sy beswaar teen die toelating van twee items wat voortspruit uit die advokaat se kosterekening, nie gehandhaaf is nie en dat daardie items inderdaad toegelaat is as verkwiste koste. Nadat die takseermeester sy redes vir sy beslissing ingedien het, het die tweede respondent besluit om slegs voort te gaan met beswaar teen een item, naamlik die item op die advokaat se rekening met betrekking met sogenaamde retensiefooi in die

bedrag van R18 000,00 en wat op die advokaat se rekening beskryf word as:

> "Bespreking en retensie vir verhoor op aansoek op 22 April 2010."

Dit dien vermeld te word dat die ander item van R1 800,00 wat deur die griffier toegelaat is as redelike voorbereidingskoste nie meer die onderwerp van beswaar is nie.

[4] Die tweede respondent maak beswaar teen die toelating van die item van R18 000,00 op grond daarvan dat daar na bewering nie in die hofreëls voorsiening is vir 'n sogenaamde retensiefooi by aansoeke nie, die fooi nie redelik is nie en dit dus nie as verkwiste koste toegelaat behoort te gewees het nie.

[5] Alvorens ek met die meriete handel, dien dit vermeld te word dat die aansoek om hersiening buite tyd geliasseer is weens die feit dat die prokureur vir die tweede respondent eers op 'n laat stadium bewus geword het van die allokator wat reeds

aangebring is op die kosterekening. Daar is egter ‘n redelike verduideliking vir die vertraging en word die versuim gekondoneer.

[6] Die takseermeester het in sy redes aangevoer dat hy ‘n dagfooi toegelaat het, aangesien die aansoek uitgestel was ‘n dag voordat dit aangehoor sou moes word en dit ‘n bestrede aansoek was. Hy het dit toegelaat in terme van Reël 69 in sy diskresie as synde ‘n redelike fooi vir die advokaat wat die risiko geloop het om nie vergoed te word vir die feit dat hy die betrokke dag vir die aanhoor van die aansoek reserveer het nie.

[7] Namens die tweede respondent word betoog dat die toelating van ‘n eerste dag fooi as synde verkwiste koste of andersins slegs van toepassing is in verhoorsake by aksieprosedures en nie ten opsigte van aansoeke nie. Dit is betoog dat die betrokke advokaat ander werk kon doen en selfs ander bestrede aansoeke kon hanteer op die betrokke dag en dat daar geen getuienis voorgelê is dat die betrokke advokaat nie ander werk vir die betrokke dag gehad het of kon doen nie. Namens tweede respondent word daarop

gewys dat ingevolge die praktykreëls van hierdie hof ‘n advokaat geregtig is om twee bestrede mosies op dieselfde dag te hanteer. Daar word ook gesteun op ‘n geskrewe standpunt van die Plaaslike Vereniging van Advokate in antwoord op ‘n navraag wat reeds in 1991 aan die Vereniging van Advokate gerig is en waarin die volgende vermeld word:

> “Waar ‘n advokaat dus verplig is om ‘n redelike fooi te vra, sal hy veral twee aspekte in aanmerking neem, bo en behalwe die algemene riglyne uiteengesit in Reël 7.1 (wat hierby aangeheg is) naamlik, die hoeveelheid werk wat inderdaad verrig is en/of die datum gereserveer moes word in die sin dat die advokaat nie ander werk kon neem nie of ander werk moes afgee op die betrokke datum. By die meeste bestrede mosies, veral van interlokutêre aard, en veral waar junior advokate betrokke is, sal laasgenoemde faktor nie baie belangrik wees nie en sal dit dan hoofsaaklik slegs gaan oor die werk wat inderdaad verrig is in die vorm van voorbereiding.”

Op sterkte daarvan betoog die tweede respondent se regsverteenwoordiger dat die advokaat derhalwe slegs geregtig is op vergoeding vir werk wat inderdaad verrig is in

die vorm van voorbereiding. Dis is natuurlik klaarblyklik nie korrek in die lig van die aanhaling hierbo na verwys nie.

[8] Op hierdie stadium dien vermeld te word dat die applikante ‘n kennisgewing liasseer het tot die effek dat daar berus word in die uitspraak van die hof en geen voorleggings of argumente aan die hof voorgehou word nie.

[9] Die regverdiging vir die toelating van ‘n eerste dag verhoorfooi vir ‘n advokaat in gevalle waar die saak sou uitgestel of geskik word, word bespreek in **ROAD ACCIDENT FUND v LE ROUX** 2002 (1) SA 751 (WLD) te 756 D – 757 A. Uit daardie beslissing is dit ook duidelik dat dit nie nodig is dat getuienis aangebied moet word tot die effek dat die betrokke advokaat nie ander werk gedoen het of kon doen op die betrokke dag nie. Om sodanige getuienis as ‘n voorvereiste te stel, sou ‘n prakties onhoudbare situasie skep en meebring dat ‘n advokaat telkens in detail sal moet aantekeninge hou oor welke ander werk gedoen is op die betrokke dag of gedurende die tyd wat hy in hierdie saak, wat uitgestel is, betrokke sou wees. Dit negeer ook die feit dat, weens die aard van ‘n advokaat se praktyk, daardie

werk in elk geval na ure of gedurende ander tye ingepas sou kon word.

[10] Alhoewel die voorgaande beslissing handel met ‘n verhoorsaak, is daar, myns insiens, geen onderskeid te tref wat betref aansoek en verhore nie, behalwe moontlik wat betref die vraag na welke fooi redelik in die omstandighede sou wees. ‘n Advokaat wat gereserveer word vir die argumentering van ‘n bestrede mosie, moet daardie dag beskikbaar wees en beskikbaar hou vir doeleindes daarvan, behalwe dat, ooreenkomstig die Vrystaatse Praktyk, ‘n tweede bestrede mosie ook deur hom hanteer kan word op dieselfde dag. Indien so ‘n aansoek op kort kennisgewing uitgestel of geskik word, is dit onteensegbaar so dat die advokaat ‘n verlies ly en geregtig is op ‘n redelike fooi ter vergoeding daarvoor.

[11] Uit hoofde van die voorgaande kan ek derhalwe nie bevind dat die takseermeester hom wanvoorgelig het of sy diskresie onregterlik uitgeoefen om ‘n reserveringsfooi vir die betrokke advokaat toe te laat as verkwiste koste nie. Die enigste oorblywende vraag is of die toelating van ‘n volle dagfooi in

omstandighede soos hierdie geregverdigd is. As algemene uitgangspunt kom dit my voor asof die eise van redelikheid in die lig van die Praktyksreël in hierdie Afdeling, naamlik dat ‘n advokaat geregtig is om twee bestrede mosies op dieselfde dag te hanteer, meebring dat die toelating van ‘n volle dagfooi nie redelik is nie en buitensporig is. Tog mag dit in gepaste omstandighede redelik wees om sodanige fooi toe te laat, byvoorbeeld in gevalle waar die betrokke aansoek waarvoor die advokaat gereserveer is van sodanige omvang is dat hy nie ‘n tweede aansoek sou kon hanteer nie. Dit mag ook wees dat die betrokke advokaat slegs die een aansoek vir die betrokke dag reserveer het en nie opdragte vir verdere werk op dieselfde dag geneem het nie. Afhangende van die spesifieke omstandighede sou enigiets tussen die helfte van ‘n dagfooi en die volle dagfooi waarskynlik geregverdiglik toegeken kon word.

[12] Die onderhawige aansoek was ‘n sekwestrasie-aansoek wat nie besonder lywig was nie en waarvan die stukke ongeveer 200 bladsye beloop het. Die advokaat sou met gemak ‘n tweede aansoek op dieselfde dag kon hanteer. In die lig daarvan is ek oortuig dat die toekenning van ‘n volle dagfooi

as verkwiste koste buitensporig is tot die mate dat daarvan afgelei kan word dat die takseermeester nie sy diskresie regterlik uitgeoefen het nie. Myns insiens moes die helfte van ‘n dagfooi toegelaat gewees het, met die gevolg dat ‘n verdere R9 000,00 van die kosterekening afgetakseer moes gewees het.

[13] Gevolglik slaag die hersieningsaansoek gedeeltelik. In die lig van die feit dat die tweede respondent slegs gedeeltelike sukses in die aansoek behaal en saamgesien met die feit dat die aansoek aanvanklik buite tyd gebring is, is ek van mening dat dit reg en billik sou wees om geen kostebevel ten opsigte van hierdie aansoek te maak nie.

[14] Die allokator van die takseermeester word tersyde gestel en die aangeleentheid na die takseermeester terugverwys om sy allokator ooreenkomstig die riglyne uiteengesit in hierdie uitspraak aan te pas.

**A.F. JORDAAN, R**

| | |
|---|---|
| Namens die applikante: | Mnr. Visser<br>In opdrag van:<br>Kramer Weihman & Joubert<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens 2de respondent: | Mnr. L. Strating<br>In opdrag van:<br>Symington & De Kok<br>BLOEMFONTEIN |

/sp